

17

GOD SKEP ONS MANLIK EN VROULIK

Manlik en vroulik is verskillend

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet dat daar Godgeskape verskille tussen manlik en vroulik is.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat God manlikheid en vroulikheid met 'n rede verskillend geskep het.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om –

- die verskille tussen manlikheid en vroulikheid te akkommodeer; en
- nie tussen geslagte te kompeteer nie.

Vaardigheid

- Die kinders moet in staat wees om die wedersydse respek tussen die twee geslagte uit te leef.

MEER INLIGTING (Genesis 1: 27 – 3: 19)

Hoekom hou meisies van pienk en gril hulle vir slange?

Hoekom hou seuns van karre en gril hulle vir grimering?

Dit is omdat ons verskillend is en dit is wonderlik!

Reeds in die eerste hoofstuk van die Bybel lees ons dat God mense van die begin af gemaak het om mans en vroue te wees.

Nadat God die een gemaak het, het Hy gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie.

Toe maak God vir die mens 'n maat, 'n gelyke, 'n vrou.

God het die twee geslagte, man en vrou, uniek en eiesoortig geskep.

Mans is spesiaal vir hulle rol in 'n verhouding gebou.
So is vroue ook uniek gemaak om hulle rol te kan vervul.
In verhoudings is mans en vroue afhanklik van mekaar vir versorging en ondersteuning.
Mans en vroue se verskille is oral baie sigbaar.
Ons lyk verskillend, praat verskillend, dink verskillend.
Ons trek verskillend aan.
Ons reageer verskillend op die wêreld om ons.
Ons emosies werk anders.
Ons liggame werk ook nie dieselfde nie.
Die belangrikste is dat God man en vrou geskep het om mekaar se gelyke te wees.
Jesus het baie klem op hierdie gelykheid gelê.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Genoeg ruimte waar die seuns en die dogters in die klas in twee groepe kan sit en aan 'n debat kan deelneem.
- Afdrukke vir elke groep van die vrae vir die debat.

KOM ONS BEGIN

Begin die byeenkoms met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk of die kinders in staat is om verlede week se memoriseerteks op te sê.
- Laat die kinders, sonder om by almal op volle besonderhede in te gaan, die uitslag van hulle huisvergadering met die klas deel.
 - Het die gesinne tyd gemaak om hieroor te gesels?
 - Het Bybellees en gebed deel van die byeenkoms uitgemaak?
 - Wat was vir die kinders positief van die gesinsvergadering?

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons gaan vandag debat voer oor watter geslag die beste is.

- Deel die klas in groepe van seuns en meisies. (Indien die groep baie klein is of slegs uit seuns of meisies bestaan, kan diskresie gebruik word om die gesprek sinvol in te rig.)
- Laat die groepe om die beurt oor die stellings op die papier gesels. Die groep kan ook meer stellings hierby voeg soos die debat verloop. Bepaal wie wen, mans of vroue.
 - *Adam is eerste gemaak en Eva is uit sy ribbebeen gemaak – dus was mans eerste en is hulle die belangrikste.*
 - *Daar word beweer dat tienermeisies twee jaar voor seuns is met hulle ontwikkeling en volwassenheid.*

- *Eva het die vrug by die slang gevat en geëet, daarom kan vroue geblameer word vir die sondeval.*
- *Vergelyk Genesis 2: 18, 3: 16b en Efesiërs 5: 21 met mekaar. Wie, sê julle nou, is die baas in die huis?*
- *Vroue kan baie goed op een slag hanteer, waar mans slegs een ding op 'n slag kan doen.*
- *Al die vername Bybelfigure was mans, so dit beteken dat mans 'n baie belangriker plek ingeneem het.*
- *Die eerste mense wat gesien het dat Jesus opgestaan het, was vroue omdat vroue beter boodskappers is as mans.*
- *Mans beklee die topposisies in die sakewêreld omdat vroue nie die druk van daardie posisies sal kan hanteer nie.*
- *Meisies is akademies oor die algemeen baie meer hardwerkend en behaal hoër punte as die seuns in hulle studiekursusse.*
- *Meisies is altyd te emosioneel om groot besluite te neem, en mans is baie meer rasioneel in hulle besluite.*
- *Ons land het 'n vrouepresident nodig!*

IETS INTERESSANT

Behandel **MEER INLIGTING** na die debat se uitslae en wys wat die ware toedrag van sake is.

IETS BELANGRIK

Lê klem op die volgende:

- Mans en vroue –
 - is uniek geskape;
 - is geskape om mekaar aan te vul (*helpers en gelykes*: Genesis 2: 18);
 - raak ongelyk met die sondeval (Genesis 3: 16b: *...hy sal oor jou heers*); en
 - word deur Jesus weer mekaar se gelykes (Efesiërs 5: 21: *Wees... aan mekaar onderdanig*).

IETS OM TE DOEN

- Indien moontlik, neem die film *Men are from Mars and women are from Venus* uit en reël 'n geskikte tyd waar die hele groep die film kan kyk.
- Maak asseblief altyd seker dat die beskikbare weergawe van die film 'n toelaatbare ouderdomsgradering het, en bevestig dit met die ouers.
- Bespreek die inhoud aan die hand van die volgende punte:
 - Hoekom dink julle is die titel so gepas vir die fliek?
 - Watter verskille tussen mans en vroue het uit die fliek na vore gekom?
 - Wat leer 'n mens uit die fliek oor die verskillende geslagte?

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle die volgende teksgedeeltes tuis gaan deurlees en dan die vrae in die tabel langsaan beantwoord.

Mans en vrouens in Jesus se oë

Teksgedeelte	Het Jesus hier met 'n vrou of 'n man te doen gehad?	Wat leer ons hieruit?
Matteus 9: 18-26		
Markus 7: 31-37		
Lukas 10: 38-42		
Johannes 19: 17-27		

LEER

Die memoriseerteks vir hierdie week is Genesis 2: 23: *Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem."*

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.